

JJ en RSG

Garden World's JJ van Rensburg met Derrich Gardner

Luister graag elke Saterdag oggend op RSG na JJ met Derrich Gardener

13 Junie 2009

1. Dis baie koud en 'n mens wil nie graag iets daarbuite doen nie, ek neem niemand kwalik wat nie vroeg in die tuin wil kom nie. Onthou teen die winterkoues is een van die beste tees om te maak is met Echinacea. Echinacea is seker die bekendste naturlike immuuun opbouende krui wat maklik beskikbaar is. Om die tee te maak vat 'n mens 'n tee lepel gedroogde blare en laat dit in 'n koppie warm water trek. Al is jy klaar siek of het jy net 'n effense loopneus sal hierdie krui al klaar wondere verrig.

2. So baie keer word 'n mens in die winter gedurende die aand wakker met 'n droë hoes. Ja j kan siek wees, die lug kan vuil wees of die lug kan net droog wees. As jy ly aan asma of net die lug in die huis wil suiwer is plante een van die beste lugversorgers om te gebruik. Een plant wat ek sal aanbeveel is die grys blaa Bromeliad ofAechmea. Omdat die plant so breë blare het is sytranspirasie en lugsuiweringsvermoe baie hoog, en ek dink nie jy kry 'n beter of meer koste effektiew lugversorger nie.Dis daai breëblaar plant wat soos 'n oorgroeide pynappel kroon lyk met die pienk blom. Nou dat die lug ook baie droog is en 'n mens ook die huis verwarm moet jy seker maak dat die lug in die huis vogtig bly. Dit kan maklik gedoen word deur 'n plat bak met water in naby aan die verwarmer, naby aan die kaggel of op die ondervloer se vehitting neer te sit. Droë tas nie net jou as mens aan nie, maar sit die plante in jou huis onder geweldige hoë stres.

3. As jy hierdie naweek of komende week iets in die tuin wil doen,moet jy kyk om jou bome, struike en meerjarige plante terug te sny. 'n Mens sny plante terug om hulle te vorm, nuwe groei te bevorder,skoon te maak en nog baie ander. As jy nie seker is wat om te snoei of hoe om te snoei nie, skakel jou naaste kwekery om te hoor of hulle nie ook 'n snoeidemonstrasie aanbied nie.

28 Junie 2009

1. Die indringer plant warvan daar baie opsprake gemaak is, is die geel Lantana montevidensis "Sundancer". Dit was nooit as 'n indringer verklaar nie, omdat dit nie saad gemaak het nie maar nou omdat dit met ander Lantana varieteite kruisbestuif, vorm dit wel saad. Hierdie plant is 'n Kategorie 3 indringer en moet uitgehaal en uitgeroei word.

2. Verskeie mense het nou problem met hulle immergroen Eikehout bome wat Poeieragtige meeldou fungus het. Dit is as die plante se blare sommer so silwer wit word en so 'n poeieragtige wit skynsel op die blare het. Folicur is die regte fungusdoder om te gebruik en kan met 'n gieter aangemaak word en op die wortels gegooi word. Dit word dan deur die plant se wortels opgeneem en versprei. Onthou Folicur is sistemies en al word nie al die wortels of blare geraak nie, sal dit wel deur die res van die plant versprei word. Dit is ook 'n baie veiliger produk om te gebruik want as dit in 'n gieter

aangemaak word kan die wind dit nie wegwaai en versprei nie. Dit is wel nie geskik vir groente nie.

3. As jy nog nie kans gehad het om jou plante met rypdoek toe te maak nie moet jy dit nou vinnig doen voor die res van die koue kom.

4. Kry vir jou 'n vrag kompos. Mense vra altyd hoe weet ek as ek kompos moet inwerk? Die antwoord is om na jou beddings te kyk en dan te besluit. As die grond 'n sanderige ligte bruin is, nie baie water terughou nie, hard is of die plante nie goed groei nie, dan is dit 'n goeie idee om kompos in te werk. Oor die algemeen kan 'n mens sê dat hoe donkerder die grond is, hoe meer organiese materie is in die grond.

tuis&home

EFEKTO for Life